Betalingshandves vir Kliënte

Enige organisasie wat hierdie handves vertoon, verbind hom daartoe om te voldoen aan die volgende standaarde wanneer geld vir individue oorsee betaal word in ‘n buitelandse geldeenheid.

Ons verbintenis aan u is:

Ons sal u van die volgende voorsien alvorens ons enige transaksie met u aangaan:

- ✔ 'n Raming van die finale fooi wat ons teenoor u, die versender, vir die transaksie sal hef. Indien die ontvanger ook ‘n fooi moet betaal, sal ons u daarvan in kennis stel
- ✔ 'n Aanduiding van die wisselkoers wat ons op u transaksie sal toepas, indien u dit aanvra. Indien 'n bykomende wisselkoers toegepas word, sal ons u daarvan verwittig
- ✔ Inligting oor waar die ontvanger die geld moet afhaal en watter prosedure hul moet volg
- ✔ 'n Aanduiding wanneer die fondse beskikbaar sal wees by die organisasie waarheen u die geld stuur
- ✔ Inligting oor kansellasieprosedures en enige tersaaklike fooie in die geval waar ‘n transaksie gewysig of gekanselleer moet word.

Na die afhandeling van 'n transaksie, sal ons u skriftelik in kennis stel en van die volgende inligting voorsien:

- ✔ 'n Unieke transaksieverwysingsnommer vir u betaling
- ✔ Bevestiging van die presiese bedrag wat ons namens u stuur
- ✔ Die fooie wat u vir hierdie diens aan ons betaal het
- ✔ Die geraamde bedrag wat die ontvanger sal ontvang en die geldeenheid waarin die geld gekrediteer of betaal sal word
- ✔ Die wisselkoers wat op u transaksie toegepas is, indien beskikbaar. Indien hierdie inligting nie beskikbaar is nie, of waar bykomende wisselkoerse gebruik is, sal ons u in kennis stel hoe die valuta-omskakeling bereken is
- ✔ Inligting oor waar die ontvanger die geld kan afhaal of die bevestiging van die naam van die bank waarheen die geld gestuur is
- ✔ Wanneer die geld vir die ontvanger beskikbaar sal wees en of die tydsaanduiding presies is, of ‘n ingeligte skatting daarvan
- ✔ Die prosedure wat die ontvanger van die geld moet volg om die geld te verkry, in die geval van kontantophalings
- ✔ Die prosedure wat gevolg moet word indien u die transaksie wil kontroleer. Ons sal u in kennis stel hoe lank dit ons sal neem om u te antwoord.

Indien u enige nadere inligting benodig rondom hierdie handves, kontak asb: Seymour Fortescue, VK-Voorsitter van Remittances Task Force, p/a Archie Laing, DFID, Palace-straat 1, Londen SW1E 5HE.

UK Remittances Task Force

Remittances Customer Charter